
# Welkom by NG The Reeds

## Veilige hawe vir nuwe hoop

Oop kerkdeure vra ontsag vir God en respek vir die lewe.

**Ds.:** Ons hulp is in die Naam van die Here,
die **Groot Koning** wat by sy mense huisbesoek doen – Hy wat ons terugbring uit ballingskap & gebrokenheid, wat ons mure van weerloosheid herbou, maar wat vandag vra:
"Eer julle My nog?"

**Gemeente:** Here, ons hoor U stem.
Kom, leer ons weer eerbied vir U Naam.


Die Here het sy volk teruggebring uit ballingskap, Hy het sy tempel herbou, en nou staan sy deure weer oop.
Mag jy vandag sy teenwoordigheid ervaar, sy herlikheid beleef, en sy vrede ontvang — want Hy is by jou, en Hy maak sy Naam weer groot onder sy mense.

# Lied 450: 1

Vader, Seun, Heil'ge Gees,

hoe sal ons u heerlikheid

kan verwoord, u lof besing

met ‘n aardse stem?

# L 450:1 (vervolg)

**Eer die Vader, eer die Seun,**

**eer die Gees as God en Heer.**

**Eer ons God as Majesteit,**

**loof Hom tot in ewigheid.**

# L 450:2 (vervolg)

**Woord uit Woord, Lig uit Lig,**
**kom as mens op aarde.**
**Bo begrip, bo ons verstand**
**is u grootheid, Heer.**

# L 450:2

Eer die Vader, eer die Seun,
eer die Gees as God en Heer.
Eer ons God as Majesteit,
loof Hom tot in ewigheid.

# Maleagi 1:6-14



# Maleagi 1:6-14



6. 'n Seun eer sy vader en 'n slaaf sy eienaar. As Ek dan vader is, waar is die eer wat My toekom? En as Ek Here (eienaar) is, waar is die eerbied vir My dan? Dit is wat Ek, die Here die Almagtige, vir júlle vra, priesters, júlle wat My met minagting behandel. Maar julle vra: "Hoe het ons U met *minagting* behandel?" 7. Julle bring onrein voedsel op my altaar, en dan vra julle: "Hoe het ons U te na gekom?" Julle doen dit wanneer julle dink: "Die altaar van die Here kan maar met *minagting* behandel word."

8. Wanneer julle 'n blinde ding bring om te offer,
is dit dan nie verkeerd nie? En wanneer julle 'n
siek of 'n lam ding bring, is dit nie verkeerd nie?
Bring bietjie so iets vir jou goewerneur! Sal hy
ingenome met jou wees of jou vriendelik
ontvang? Dit is wat die Here die Almagtige sê. 9.
En dan sê julle: "*Maak God dan tog nou
goedgesind dat Hy ons genadig kan wees!*" As
julle só optree, sal Hy een van julle se versoek
toestaan? Dit is wat die Here die Almagtige sê.

10. Was daar maar iemand onder julle wat die tempel se deure wou toesluit, sodat julle nie my altaar tevergeefs aan die brand hou nie! Ek hou nie van julle nie, sê die Here die Almagtige, en Ek wil nie 'n offer van julle hê nie. 11. Van waar die son opkom tot waar hy ondergaan, word Ek deur die nasies geëer. Oral word daar vir My offers gebring, rein offers. Ek word deur die ander nasies geëer, sê die Here die Almagtige, 12. maar júlle doen my Naam oneer aan. Julle dink die altaar van die Here kan maar ontwy word en die offers daarop met minagting behandel word.

[13.] En dan sê julle nog dis 'n klomp moeite en julle trek die neus daarvoor op. Dit is wat die Here die Almagtige sê. Julle bring gesteelde, lam, siek diere, julle bring dit as offers! Moet Ek ingenome wees daarmee dat julle vir My sulke goed bring? vra die Here. [14.] Daar rus 'n vloek op elke skelm wat 'n bul of 'n ram in sy kudde het en 'n gelofte doen en dan 'n verminkte ding aan die Here offer! Ek is die Grootkoning, sê die Here die Almagtige, vir My het die nasies ontsag.

# VONKK 72:1

Wees stil, want die Heilige is hier
in ons teenwoordigheid.
Kom buig nou voor Hom neer
met eerbied en ontsag.
Erken sy heiligheid
en sy geregtigheid.
Wees stil, want die Heilige is hier
in ons teenwoordigheid.


VONKK 72:2

Wees stil, want die heerlikheid van God
skyn oral rondom ons.
Hy is met eer gekroon,
met mag en majesteit.
Uit Hom straal helder lig –
’n glans wat als verlig.
Wees stil, want die heerlikheid van God
skyn oral rondom ons.

# Hoe gaan julle die natuur benader?

Soos Henry David Thoreau in sy gedig **Walking** (1851) of soos die ander man




Hoe benader jy jou verhouding met God?
Hoe benader jy jou aanbidding van God?
... jou besoek aan ’n erediens?
Hoe benader jy mense & die lewe?


*“Waar is die eer wat my toekom?”*

# Huisbesoek

*“Julle behandel my met minagting”*




# Verontskuldiging:



Hoe het ons U met minagting behandel?



**Waaruit lei mens in ’n verhouding af dat iemand nie meer vir jou lief is en respek het nie?**



**Wanneer gebeur dit in ’n verhouding dat disrespekvolle optrede nie meer raakgesien word of pla nie?**

Hoe reageer die Here teenoor sy volk wat ontken dat hulle Hom minagtend behandel het?



**Vraag:** **Waar is die eer wat my toekom**
Dit is wat ek die Almagtige vir julle vra....
**Teenvraag:** **Julle vra hoe het ons U geminag?**
**Rede 1:**
Dit is wat die Here die Almagtige sê
**Rede 2:**
Dit is wat die Here die Almagtige sê
Oordeel: Het iemand ... deur toegemaak...altaar geblus
Sê die Here die Almagtige
**Rede 3**
Sê die Here die Almagtige
**Rede 4**
**Rede 5**
Dit is wat die Here die Almagtige sê
**Rede 6**
**Oproep tot ontsag van die Almagtige**



# Waaruit lei die Here af dat volk Hom nie meer eer nie?

Rede 1: Julle bring onrein offers

Rede 2: Julle dink verhouding is transaksie


Rede 3: Julle dink Here is afhanklik

Rede 4: Julle bring oneer met jul minagting

Rede 5: Julle het verkeerde gesindheid

Rede 6: Julle lê valse geloftes af

# Hoe beïnvloed ontsag / respek vir iemand ons gedrag teenoor daardie persoon?



# Hoe herstel mens respek in 'n verhouding?



Besef dit, Vra vergifnis, maak reg met jou optrede.

Behandel elke stukkie disrespek met takt en weier om ook só te wees

Moenie verantwoordelikheid vat vir ander persoon se minderwaardigheid, skuldgevoelens of afwykende gedrag



# Hoe herstel God sy volk se oneer?

- Skep ruimte om te praat;
- Spreek sake direk aan;
- God kom wys net weer vir ons 'n prentjie van wie Hy is.



God kom wys net weer vir ons ’n prentjie van wie Hy is!

EK IS
DIE GROOTKONING,
SÊ DIE HERE DIE ALMAGTIGE




# In die Nuwe Testament

Ons lewe is ’n offer

Offer van dank

Offer met ons stemme

Wanneer ek my liggaam as tempel ag

Offer van diens

Mededeelsaam

Elkeen wat God se liefde aanvaar

# Oop kerkdeure vra dat ons God sal eer en die lewe met respek sal hanteer




Die kerk se deur is oop,
jy is hierbinne -
jy is nou op heilige grond!
Maak jou hart ook oop
as jy die lewe betree –
hanteer dit ook as heilige grond


Kom ons benader God en die lewe
nie soos iemand wat na ’n
hoender kyk nie, maar soos
iemand wat leef met ontsag vir die
GROOTKONING!

# Gebed



# VONKK 347:1

Heer, u kerk oor al die eeue
wil u goedheid graag gedenk.
Ons wil sing van u genade,
vir die jare ons geskenk.
Ons kom jubel voor U, Here –
U wat ons met sorg behou.
Steeds kan ons op U vertrou!

**Om ’n lig te wees in duister**
**het U hier u kerk geplant,**
**dat ons hier u wonderdade**
**uit sal dra as kerkverband.**
**Hemelvader, ons kom prys U –**
**U, ons bron van krag en hoop.**
**Vul u kerk met nuwe hoop!**

Jesus Christus is die hoeksteen
van ’n kerk wat vir U leef.
Leer ons ook om soos ons Meester
altyd liefde na te streef.
Jesus Christus, ons Verlosser –
ons bely U as ons Heer.
Laat u liefde ons regeer!

**Gaan leef met oop harte en oop oë –**
**om God te eer in alles wat jy doen,**
**en om sy beeld te eer in elke mens wat jy ontmoet.**

**Mag die Here jou leer om Hom met ontsag te dien,**
**mag Christus jou lewe vul met liefde,**
**en mag die Gees jou lei om respek te bring**
**waar die wêreld dit verloor het.**
**Amen.**